MEDIA24

MEDIA24 BEHEREND EIENDOMS BEPERK
(In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer)
(Registrasienommer: 2006/021408/07)
(Media24)

Aankondiging van jaarresultate

Opsomming van die geouditeerde gekonsolideerde jaarresultate van die Media24 Beherend-groep vir die jaar geëindig 31 Maart 2017

WELKOM YIZANI

OORSIG

Gedurende die oorsigtydperk het Media24 sterk groei in digitale media en e-handel-aktiwiteite aangeteken, maar die groep se totale jaar-tot-jaar omset het basies dieselfde gebly. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan voortgesette dalings in advertensies en sirkulasies in die drukmedia, 'n futlose ekonomie en die swak rand. Ons het terselfdertyd steeds in nuwe en bestaande groei-geleenthede belê om die groep vir die toekoms te diversifiseer. Die gevolg was handelswins van R245m wat 39% swakker is as die vorige jaar. Volumedalings in die volwasse drukmediabesighede is deels teengewerk deur geslaagde kostebesparingsprogramme en 'n verdere stroombelyning van hul uitgewersportefeuljes. Digitale gehore en betrokkenheid het sterk gegroei en verskeie nuwe produkte is bekendgestel.

BEDRYFSOORSIG

Die nuus- en vermaakportaal **24.com** – wat al ons digitalemediahandelsmerke huisves – het sy leierskap gemeet aan reikwydte en betrokkenheid uitgebrei. Maandelikse unieke gebruikers het op 'n jaargrondslag met 35% gegroei tot 17m, en bladlese met 41% tot 388m, gerugsteun deur mobiele web en apps. News24 bly nommer een onder nuus-apps in Suid-Afrika, en die Afrikaanse betaalnuusplatform, Netwerk24, het sterk intekenaargroei getoon. Nuwe produkte gedurende die tydperk het die verpersoonlikte apps News24 Edge in SA en BounceNews in Nigerië, sowel as die gratis nuusflits-app NetNuus, ingesluit. HuffPost South Africa is in November 2016 suksesvol bekendgestel.

Die groep se **Drukmedia**-afdeling, wat bestaan uit Nuus, Leefstyl en On the Dot, het ondanks voortgesette inkomstedalings bevredigende resultate aangeteken.

Handelswins by **Nuus** was in ooreenstemming met verwagtinge en laer omset is beduidend teengewerk met kostebesparings. Ons het ons advertensie-markleierskap vergroot, ons toonaangewende sirkulasiemarkaandeel onder dagblaaie en Sondagkoerante behou en verder veld gewen in die segment vir plaaslike koerante. Daily Sun het weereens stewig vertoon, terwyl Soccer Laduma 'n sterk styging in advertensie-inkomste aangeteken het. 'n Aantal plaaslike koerante het rekordadvertensie- en -winsvlakke bereik.

Media24 **Leefstyl**, die tuiste van ons portefeulje uitstekende verbruikerstydskrifte, handhaaf sy aansienlike markleierskap ten opsigte van advertensies en sirkulasie in druk- en digitale media, en ons titels het hul reikwydte uitgebrei met dubbelsyfergroei in digitale gehore. Die kontrakuitgewer New Media het steeds op nuwe inkomstebronne gefokus en weereens uitstekende resultate aangeteken, terwyl die sindikasiefiliaal Gallo Images sterk verkoopsgroei in nuwe markte in Oos-Europa en Rusland behaal het. Die Afrikaanse weekblad Huisgenoot het sy eeufees met verskeie spesiale projekte gevier.

Die verspreidingsbesigheid **On the Dot** het uitsonderlik gepresteer, gerugsteun deur die deurlopende rasionalisering van sy kostebasis.

Die leefstyl- en vermaaktelevisiekanaal **VIA** se gehoor het in sy eerste volle bedryfsjaar sterk gegroei en is nou die gewildste leefstylkanaal op DStv onder Afrikaanse kykers.

Ons **Boeke**-portefeulje het uitstekende resultate aangeteken, en NB-Uitgewers en Jonathan Ball Publishers het hul posisies as onderskeidelik die grootste plaaslike handelsuitgewer en handelsagentskap gehandhaaf. Die verkope van gedrukte boeke was lewendig, maar e-boekverkope het traag gebly. Van Schaik Uitgewers het goed gevaar te midde van onstabiliteit op kampusse, terwyl Via Afrika voordeel getrek het uit stewige handboekbestellings deur die regering.

Ons aanlynmodebesigheid, **Spree**, het omsetverwagtinge aansienlik oorskry – gerugsteun deur sy inkopie-apps en 'n uitgebreide produkreeks met meer plaaslike en internasionale handelsmerke. 'n Tweede pakhuis is gedurende die jaar in gebruik geneem. **E-vervulling**, wat onder die On the Dot-handelsmerk sake doen, het e-handeldienste in Johannesburg begin lewer vir nog twee groot kleinhandelkliënte en 'n minderheidsaandeel bekom in 'n nuwe plaaslike skarebenutting-afleweringsbesigheid.

Die aanlynwerwingsbesigheid **Careers24** het goeie omsetgroei behaal ondanks 'n swak indiensnemingsklimaat en strawwer mededinging. Ons het aansienlik belê om die platform meer doeltreffend te maak.

Novus Holdings se vertoning is nadelig geraak deur die voortgesette daling in drukmediavolumes en hoër produksiekoste. Die sneespapierafdeling se vertoning is gekortwiek deur 'n ontwrigting van beplande kapasiteitsuitbreiding, terwyl die etiketafdeling winsgewend geraak het. Die groep gaan voort om produksie-doeltreffendheid te verbeter ten einde winsgewendheid in sy kerndrukwerksaamhede te verhoog.

DIREKSIE

Abduraghman (Manie) Mayman het op 31 Oktober 2016 afgetree as finansiële hoof van die Media24-groep en is op 1 November 2016 deur Cindy Hess opgevolg. Manie het op 1 Februarie 2017 uitgetree as Media24 se uitvoerende direkteur verantwoordelik vir die finansiële funksie en is op dieselfde datum in hierdie hoedanigheid deur Cindy vervang. Manie is op 1 April 2017 aangestel as nie-uitvoerende direkteur van Media24 en Media24 Eiendoms Beperk. Biografiese besonderhede van al die direkteure verskyn op die Media24-webwerf.

FINANSIËLE OORSIG

Ondanks goeie groei in omset uit e-handel en digitale media het die gekonsolideerde groepsomset op 'n jaargrondslag basies dieselfde gebly weens voortgesette strukturele verskuiwings in die drukmediasektor, taai handelstoestande en druk op Suid-Afrikaanse verbruikers. Advertensie- en sirkulasie-inkomste het met 6% tot R3,1mjd gedaal, wat in ooreenstemming is met bedryfstendense. Inkomste uit drukwerk deur Novus Holdings het met 6% tot R2,9mjd gestyg danksy 'n beter as verwagte vertoning in opvoedkundige boeke, sowel as prysinflasie en groei in etiketdrukwerk. Die groep se totale inkomste uit boekuitgewery en -verkope het met 15% gedaal ná die verkoop van Leserskring/Leisure Books. Die oorblywende boekeportefeulje het egter bevredigende inkomstegroei gelewer en sterk skoolboekverkope in Suid-Afrika het laer as verwagte bestellings in Botswana en dalings in die algemene handel teengewerk. Belowende inkomstegroei in ons nie-drukportefeulje was hoofsaaklik afkomstig van e-handelaktiwiteite (+84%), digitale advertensies (+32%), digitale intekeninge (+15%) en sneespapiervervaardiging (+8%). Nie-tradisionele inkomstebronne wat verband hou met diversifisering het op 'n jaargrondslag met altesaam 60% gegroei en dra nou 8% by tot gekonsolideerde groepsomset (FJ16: 5%).

Gekonsolideerde handelswins het met 39% tot R245m gedaal, hoofsaaklik weens Novus Holdings se insetkoste-inflasie (grotendeels wisselkoersgedrewe) en die eenmalige inbedryfstellingskoste van projekte vir diversifisering en aanleg-amalgamasie. Aansienlike kostebesparings in die drukmediabesigheid, asook by gesentraliseerde groepsdienste (IT en gedeelde finansiële dienste), het die verlore inkomste uit advertensies en sirkulasie gedeeltelik teengewerk. Kosteverminderingstrategieë en omsigtige besteding het kritieke suksesfaktore geword, terwyl die groep voortgaan om wesenlike beleggings in digitalemedia, e-handel en aanlyn werwing te maak.

Groepverdienste is verder geraak deur 'n batewaardedaling van R139m wat verband hou met oortollige kapasiteit by Novus Holdings; dit is gedeeltelik teengewerk deur 'n wins van R20m met die verkoop van INET BFA.

Die groep se vrye kontantvloei het aansienlik verminder tot 'n netto uitvloei van R11m. Dit was hoofsaaklik vanweë 'n daling van R163m in EBITDA, wat vererger is deur die groeiverwante belegging in Spree-voorraad en laer opgelope uitgawes. Dit is deels teengewerk deur 'n verbetering in debiteuredae regdeur die groep.

DIVIDEND

Die direksie beveel aan dat 'n dividend van R42m (2016: R39,3m) verklaar en aan aandeelhouers betaal word. Dit is onderhewig aan goedkeuring deur die aandeelhouers by die algemene jaarvergadering op 28 Augustus 2017.

WELKOM YIZANI

Welkom Yizani, Media24 se skema vir breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging wat in 2006 bekendgestel is, het in 2013 begin om sy aandele te verhandel. Gedurende die afgelope jaar het Naspers Beperk, die voorkeuraandeelhouer in Welkom Yizani, verdere voorkeuraandeel-skuld en opgeloopte rente ten bedrae van R51,6m wat deur Welkom Yizani aan hom verskuldig was, afgeskryf. Naspers Beperk het dus tussen Maart en Mei 2016 altesaam R434m afgeskryf. Dit beteken dat Welkom Yizani se aandeelhouers nou onmiddellike ekonomiese voordeel uit hul aandele kan trek.

Die Registrateur van Sekuriteitedienste (die Registrateur) het aangedui dat alle tradisionele toonbankverhandelingsplatforms soos Welkom Yizani hul werksaamhede moet regulariseer ingevolge die Wet op Finansiële Markte van 2012 (FM-wet). Welkom Yizani is deurlopend in gesprek met die Raad op Finansiële Dienste om sy sake in ooreenstemming te bring met die vereistes van die FM-wet. As deel van hierdie proses het MultiChoice (ook deel van die Naspers-groep) en Media24 die maatskappy Yizani Phuthuma Nathi (YPN) gestig, wat aansoek gedoen het om 'n beurslisensie om die verhandeling van aandele wat deur maatskappye binne die Naspers-groep uitgereik is vir breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging, moontlik te maak. Gedurende hierdie proses word voortgegaan met die verhandeling van Welkom Yizani-aandele op die huidige verhandelingsplatform. Welkom Yizani bou voort op sy positiewe skakeling met die Registrateur en bly verbind tot die nakoming van enige aanwysings en/of voorwaardes wat deur die Registrateur uitgereik word. Dit is vrygestel van voldoening aan die FM-wet vir 'n tydperk van ses maande ná die Registrateur se besluit om 'n beurslisensie aan YPN toe te ken al dan nie. Op 31 Maart 2017 het Welkom Yizani 90 452 aandeelhouers gehad.

Die algemene jaarvergadering van Welkom Yizani word op 28 Augustus 2017 gehou. Sy direksie beveel aan dat 'n gewone dividend van R6,2m (2016: R5,8m) aan gewone aandeelhouers verklaar word. Dit beteken 'n dividend van 42,5 sent per gewone aandeel (2016: 40 sent per gewone aandeel) voor dividendbelasting. Ná aftrekking van dividendbelasting van 20% (2016: 15%) sal gewone aandeelhouers van Welkom Yizani 'n netto dividend van 34 sent per gewone aandeel (2016: 34 sent per gewone aandeel) ontvang. Die verklaring van die dividend is onderhewig aan goedkeuring deur aandeelhouers by die algemene jaarvergadering op 28 Augustus 2017.

AANBIEDINGSGRONDSLAG

Die opgesomde gekonsolideerde jaarresultate word opgestel ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet soos toepasbaar op opgesomde finansiële state. Die opgesomde gekonsolideerde jaarresultate is opgestel ooreenkomstig die raamwerk-begrippe en die maatreëls en erkennings-vereistes van Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS). Die opgesomde gekonsolideerde finansiële state moet saamgelees word met die volledige stel geouditeerde gekonsolideerde finansiële jaarstate. Hierdie rekeningkundige beleid is konsekwent toegepas op al die jare wat weergegee word, tensy anders vermeld.

Handelswins sluit amortisasie van ontasbare bates (behalwe sagteware), ander winste of verliese en ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde vergoedingskoste uit. Kernwesensverdienste sluit eenmalige en nie-bedryfsitems uit. Na ons mening is dit 'n nuttige maatstaf vir die groep se volhoubare bedryfsprestasie. Dit is egter nie 'n omskrewe term ingevolge IFRS nie en is nie noodwendig vergelykbaar met maatstawwe met soortgelyke name wat deur ander maatskappye in hul verslae gebruik word nie.

Die finansiële resultate is opgestel onder toesig van Cindy Hess, finansiële hoof van die Media24 Beherend-groep.

Die volledige finansiële jaarstate is beskikbaar op Media24 se webwerf, **www.media24.com**.

VERSLAG VAN DIE ONAFHANKLIKE OUDITEUR

Hierdie aankondiging van jaarresultate is afgelei uit geouditeerde inligting, maar is nie self geouditeer nie. Die gekonsolideerde finansiële jaarstate is geouditeer deur PricewaterhouseCoopers Geïnk. wat 'n ongekwalifiseerde mening daaroor uitgespreek het. Sy ongekwalifiseerde verslag kan gedurende gewone kantoorure verkry word by die maatskappy se geregistreerde kantoor (kontakpersoon: Cindy Hess). Enige verwysing na toekomstige finansiële prestasie in hierdie aankondiging is nie deur PwC nagegaan nie en hy het nie daaroor verslag gedoen nie.

Namens die direksie

Rachel Jafta
Voorsitter

Esmaré Weideman
Uitvoerende hoof

Kaapstad
23 Junie 2017

GEKONSOLIDEERDE STATE VAN WINS OF VERLIES

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2017 Geouditeer R'm	2016 Geouditeer R'm
Omset	**8 051**	8 116
Koste om dienste te lewer en goedere te verkoop	**(5 816)**	(5 549)
Verkoops-, algemene en administratiewe uitgawes	**(2 035)**	(2 213)
Ander verliese	**(162)**	(70)
Bedryfswins	**38**	284
Rente ontvang	**26**	31
Rente betaal	**(21)**	(23)
Ander finansieringskoste	**(41)**	(23)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van geassosieerde maatskappye	**(2)**	(2)
Belang in ekwiteitsverantwoorde resultate van gesamentlike ondernemings	**23**	22
Wins met verkrygings en verkope	**19**	34
Wins voor belasting	**42**	323
Belasting	**(130)**	(220)
(Verlies)/Wins vir die tydperk	**(88)**	103
Toeskryfbaar aan:		
Aandeelhouers van die groep	**(196)**	(79)
Nie-beherende belang	**108**	182
	(88)	103
Kernwesens(verlies)/-verdienste vir die jaar	**(117)**	21
Wesensverlies vir die jaar	**(111)**	(45)

REKONSILIASIE VAN BEDRYFSWINS MET HANDELSWINS

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2017 Geouditeer R'm	2016 Geouditeer R'm
Bedryfswins	**38**	284
Amortisasie van ontasbare bates (uitgesluit sagteware)	**5**	11
Aandeelgebaseerde betalingskoste – ekwiteitsvereffen	**40**	35
Ander verliese	**162**	70
Handelswins	**245**	400

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STATE VAN OMVATTENDE INKOMSTE

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2017 Geouditeer R'm	2016 Geouditeer R'm
(Verlies)/Wins vir die jaar	**(88)**	103
Totale ander omvattende inkomste, na belasting, vir die jaar	**2**	7
Kontantvloeiskanse	**–**	5
Aktuariële hermetingsreserwe	**5**	1
Beweging in ander reserwes	**(3)**	3
Belasting op ander omvattende inkomste	**–**	(2)
Totale omvattende (verlies)/inkomste vir die jaar	**(86)**	110
Toeskryfbaar aan:		
Aandeelhouers van die groep	**(194)**	(73)
Nie-beherende belang	**108**	183
	(86)	110

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STATE VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2017 Geouditeer R'm	2016 Geouditeer R'm
Saldo aan die begin van die jaar	**3 191**	3 424
Totale ander omvattende verlies vir die jaar	**(194)**	(73)
Veranderings in ander reserwes	**(76)**	(233)
Beweging in aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**(41)**	25
Beweging in bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(37)**	(4)
Beweging in behoue verdienste	**41**	(9)
Dividende aan aandeelhouers betaal	**(39)**	(245)
Veranderings in nie-beherende belang	**30**	73
Totale omvattende inkomste vir die jaar	**108**	183
Dividende aan nie-beherende belanghebbendes betaal	**(88)**	(91)
Beweging in nie-beherende belang in reserwe	**10**	(19)
Saldo aan die einde van die jaar	**2 951**	3 191
Bestaande uit:		
Aandelekapitaal en -premie	**4 867**	4 867
Behoue verdienste	**(753)**	(558)
Aandeelgebaseerde vergoedingsreserwe	**56**	96
Bestaandebeheer-besigheidsamevoegingsreserwe	**(3 621)**	(3 584)
Kapitaalbydrae	**1 077**	1 077
Verskansingsreserwe	**(3)**	(3)
Aktuariële hermetingsreserwe	**(17)**	(22)
Valuta-omrekeningsreserwe	**20**	23
Nie-beherende belang	**1 325**	1 295
Totaal	**2 951**	3 191

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE STATE VAN FINANSIËLE POSISIE

	Soos op 31 Maart	
	2017 Geouditeer R'm	2016 Geouditeer R'm
BATES		
Nie-bedryfsbates	**742**	3 362
Bedryfsbates	**1 356**	2 545
Nie-bedryfsbates geklassifiseer as gehou vir verkoop	**3 541**	63
Totale bates	**5 639**	5 970
EKWITEIT EN LASTE		
Kapitaal en reserwes	**2 951**	3 191
Nie-bedryfslaste	**238**	535
Bedryfslaste	**1 731**	2 244
Nie-bedryfslaste geklassifiseer as gehou vir verkoop	**719**	–
Totale ekwiteit en laste	**5 639**	5 970

OPGESOMDE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTATE

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2017 Geouditeer R'm	2016 Geouditeer R'm
Kontantvloei gegenereer uit bedryfsaktiwiteite	**324**	654
Kontantvloei aangewend in beleggingsaktiwiteite	**(118)**	(331)
Kontantvloei aangewend in finansieringsaktiwiteite	**(279)**	(296)
Netto beweging in kontant en kontantekwivalente	**(73)**	27
Valuta-omrekeningseffek	**(1)**	1
Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar	**519**	491
Herklassifikasie van kontant in gehou-as-verkoop-vervreemdingsgroep	**(227)**	–
Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar	**218**	519

VERPLIGTINGE

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2017 Geouditeer R'm	2016 Geouditeer R'm
Kapitaalbesteding	**49**	92
Bruikhuurverpligtinge	**209**	224
Verpligtinge	**258**	316

FINANSIËLE INSTRUMENTE

	Billikewaarde-metings op 31 Maart 2017 gegrond op:		
	Gekwoteerde pryse in aktiewe markte vir identiese bates of verpligtinge (vlak 1) Geouditeer R'm	**Beduidende ander waarneembare insette (vlak 2) Geouditeer R'm**	**Beduidende ander waarneembare insette (vlak 3) Geouditeer R'm**
Die billike waarde van die groep se finansiële instrumente wat vir elke verslagdoeningstydperk teen billike waarde gemeet word, word soos volg gekategoriseer:			
Bates			
Beskikbaar-vir-verkoop-beleggings	**–**	**3**	**4**
Valutatermynkontrakte	**–**	**2**	**–**
Verpligtinge			
Valutatermynkontrakte	**–**	**19**	**–**
	Billikewaarde-metings op 31 Maart 2016 gegrond op:		
Bates			
Valutatermynkontrakte	–	5	–
Verpligtinge			
Valutatermynkontrakte	–	18	–

BEREKENING VAN WESENS- EN KERNWESENSVERDIENSTE

	Jaar geëindig 31 Maart	
	2017 Geouditeer R'm	2016 Geouditeer R'm
Netto verlies toeskryfbaar aan aandeelhouers	**(196)**	(79)
Aangesuiwer vir:		
– Waardedaling van klandisiewaarde/ander bates	**170**	71
– Wins met verkoop van eiendom, aanleg, toerusting en onaantasbare bates	**(5)**	(3)
– Wins met verkoop van beleggings	**(22)**	(32)
Totale belastingeffek van aansuiwerings	**(26)**	(1)
Totale aansuiwering vir nie-beherende belang	**(32)**	(1)
Wesensverlies	**(111)**	(45)
Aangesuiwer vir:		
– Amortisasie van ontasbare bates (uitgesluit sagteware)	**5**	12
– Valutawins/(-verlies)	**(12)**	30
– Erkenning van uitgesteldebelasting-bates wat verband hou met verliese gedurende die vorige jaar	**(25)**	–
– Ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalingskoste	**26**	24
Kernwesens(verlies)/-verdienste	**(117)**	21

Direkteure
R C C Jafta (voorsitter), E Weideman, G M Landman, S S de Swardt, D Meyer, H S S Willemse, J C Held, A Mayman, J P Bekker, T D Petersen, C J Hess

Groepmaatskappysekretaris
L J Klink

Geregistreerde kantoor
Heerengracht 40, Kaapstad 8001 (Posbus 2271, Kaapstad 8000)

Oordragsekretaris
Equity Express, 'n afdeling van Singular Systems Eiendoms Beperk
Corlettrylaan 71, Birnam 2196 (Posbus 1266, Bramley 2018)